

Jesus wil jou vry maak

Die Bybel sê: "[Jesus het] 'n vrou gesien wat deur 'n bese gees inmekaargetrek is. Sy was vir agtien jaar lank kromgetrek en kon nie regop staan nie. Toe Jesus haar sien, roep Hy haar nader en sê: 'Vrou, jy is van jou kwaal genees!'" (verse 11-12 NLV).

Let vier dinge in hierdie verhaal op: die persoon, die probleem, die Groot Geneser en die voorskrif. Elke persoon, insluitend jy, sal 'n probleem hê. Belangriker as dit is egter dat die Groot Geneser vir elke probleem, insluitend joune, 'n voorskrif het. Jesus se openingsverklaring oor die probleem in hierdie vrou se lewe is 'n uitdagende opdrag: '...jy is van jou kwaal genees!'

Nadat jy jou toestand ontleed het en die oorsprong daarvan verstaan, sal dit die gesag van God se Woord verg om die verlede agter jou te sit. Hierdie vrou het as gevolg van iets wat haar agtien jaar terug aangeval het gely, maar tog was haar trauma nog so vars soos die dag wat dit plaasgevind het. Haar probleem was in die verlede gewortel, maar die voorskrif daarvoor kon net in die huidige Woord van God gevind word.

Jesus, wat die Lewende Woord is, '...bly steeds dieselfde - gister, vandag en vir altyd!' (Hebreërs 13:8 NLV). Dit wil sê dat die woord wat jy vandag hoor, in staat is om jou gisters te genees! Jesus het gesê: 'Vrou, jy is van jou kwaal genees.' Hoekom het Jesus haar nie op haar naam genoem nie? Omdat sy belofte op ons almal van toepassing is.

deur Bob & Debby Gas

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Marinda Jordaan
Ria Putter
Maria Steyn
Sampie Swart
Oom Eberhard Carshagen
Annika Kilian
Louis Strauss
Ina van der Merwe
Petro Schneider
Jaco Steenkamp
Heleen J v Vuuren
Lola Viljoen
Adolf Wolmarans
Jeanette Mostert
Marius van Niekerk
Stefaans du Plessis

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



Jesus maak jou vry!



Joh. 8 v 36
Eers as die Seun
julle vry maak,
sal julle werklik
vry wees.

DIE
WAARHEID
SAL
JULLE
VRYMAAK

JOHANNES 8:32



[Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer...](#)

[ABSA Sasolburg; Tjek Rekening](#)

[Rekno.: 0520580654](#)

[Takkode: 632005](#)

Gedagte vir die week

Prediker 7:1:

'n Goeie naam is beter
as goeie reukolie, en die
sterfdag as die
geboortedag.